

Skrifgedeelte: 1 Pet. 1: 3 – 9

Teksgedeelte: 1 Pet. 1: 6.

Agtergrond

Die gelowiges waaraan geskryf word in hierdie gedeelte word onderdruk & vervolg. Petrus skryf dan die brief om die gelowiges te bemoedig en te versterk. Die rede waarom hulle deur die heidene onderdruk en vervolg is, was omdat die gelowiges verspreid gewoon het, in klein gemeenskappe en hulle van die heidene afgesonder het.

Die beskrywing “vreemdelinge in die wêreld” haak baie aan by een van die sentrale temas in die Filippense boek, dat die gelowiges burgers van die hemel is en daarom leef vir en na `n nuwe koninkryk. Die ware nuwe volk van God wat verstrooid lewe in `n heidense samelewing en omgewing en hulleself daarom op aarde as vreemdelinge beleef omdat hulle hul ware tuiste in die hemel het.

Die troos:

“Verheug julle hieroor selfs al is dit nodig dat julle `n kort tydtjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings”.

Kerkwees was vir hierdie mense nie maklik gemaak nie, dit was verseker `n groot uitdaging in hulle omgewing. Hulle was sosiaal verwerp, by hulle werke verdruk en in die algemeen deur mense bespot. Wat so mooi is om hier te sien is dat hierdie mense gelei deur die Gees so uitgestaan het in hulle lewe gegrond in die waarheid en hoop van die Evangelie van Jesus, dat hulle so radikaal uitgestaan het tussen mense. Op grondvlak was hulle daaglik vervolg, hulle het egter geleef in die hoop van wat hulle ware realiteit was. Dit was hulle realiteit:

- In die liefde van God het hulle nuwe lewe in Jesus v. 3.
- Hulle het die hoop op die ewige lewe deur Jesus verwerf v. 4.
- Deur die krag van God word die wat glo veilig bewaar v. 5.
- Hulle het reeds deel aan die ewigheid van God v. 8-9.

Die ewige realiteit van Jesus wat verlos en die verhouding met God die Vader wat herstel in `n nuwe lewe met `n nuwe koninkryk wat ewig is, is wat elke gelowige se daaglikse realiteit is.

My uitdagings:

Baie in jou lewe word jy uitgedaag en beproef. Wat laat `n mens staande bly?

Die ewige realiteit van Jesus wat verlos en die verhouding met God die Vader wat herstel in `n nuwe lewe met `n nuwe koninkryk wat ewig is, is wat elke gelowige se daaglikse realiteit is.

Tans word ons ernstig uitgedaag deur die Covid 19 virus, die realiteit is dit maak saam kerkwees baie moeilik. Hoe gaan ons in hierdie tyd reageer?

Daar is `n paar dinge wat ons elke oomblik moet onthou:

- Ons hoop was nog nooit in aardse welstand, liggaamlike gesondheid of voorspoed nie maar in Jesus. Dit is `n ewige hoop wat nie beskaam nie. Dit kan nie weggevat word nie.
- Die Vader versorg in liefde.
- Die geboue sluit, maar die kerk bly oop want jy is kerk.
- Nou juis word die kerk wat deur liefde gekarakteriseer moet word geroep om daardie liefde in diensbaarheid uit te leef!
- Dit is donker en ons roeping is om lig te wees!

Amen.

Wat is jou troos en bemoediging in uitdagings?

Na Aanleiding van 1 Pet. 1, hoe moet gelowiges kyk na besproewings?

